



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE V1
MODEL NOVEMBER 2019**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, 'n 1 bladsy-formuleblad en
'n 9 bladsy-antwoordeboek.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG 1: 25 punte; 20 minute | |
|-------------------------------------|--|
| Onderwerp van die vraag: | Hierdie vraag integreer: |
| AARP ('GAAP') en vaste bates | AARP ('GAAP') Vaste bates Interne beheer |

| VRAAG 2: 50 punte; 45 minute | |
|-------------------------------------|--|
| Onderwerp van die vraag: | Hierdie vraag integreer: |
| Inkomstestaat en Balansstaatnota | Inkomstestaat Handels-en-ander-betalbarebedrae-nota |

| VRAAG 3: 40 punte; 30 minute | |
|-------------------------------------|---|
| Onderwerp van die vraag: | Hierdie vraag integreer: |
| Vennootskappe | Begrippe Notas tot die Balansstaat Balansstaat en etiek |

| VRAAG 4: 35 punte; 25 minute | |
|-------------------------------------|---|
| Onderwerp van die vraag: | Hierdie vraag integreer: |
| Ontleding en vertolking | Begrippe Ontleding en interpretasie van finansiële state |

VRAAG 1: AARP ('GAAP') EN VASTE BATES**(25 punte; 20 minute)****1.1 AARP ('GAAP')**

Kies EEN woord/term vir elk van die volgende stellings deur 'n AARP('GAAP')-beginsel uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die AARP('GAAP')-beginsel langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| balansering; lopende saak; omsigtigheid; wesenlikheid |
|---|

- 1.1.1 Diensgelde, kontant-deposito-fooie en OTM-fooie op die Bankstaat word bymekaar getel en as bankkoste openbaar.
- 1.1.2 Debiteurerekeninge wat wanbetaal word, word as oninbare skulde afgeskryf, selfs al sou dit in die toekoms ingevorder kon word.
- 1.1.3 Versekering sluit R340 in, wat op die volgende finansiële jaar betrekking het.
- 1.1.4 Die eienaar besluit om addisionele handelsvoorraad aan te koop, wat teen 'n gediskonteerde koers aangebied is omdat hy weet dat dit in die volgende finansiële periodes verkoop kan word. (4 x 1) (4)

1.2 VASTE BATES

Die inligting hieronder het betrekking op Masimanga Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2019.

GEVRA:

- 1.2.1 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur **(i)** tot **(iv)** aangedui is. (17)
- 1.2.2 Gee EEN voorstel wat die interne ouditeur kan gebruik om na te gaan of roerende vaste bates gesteel is. (2)
- 1.2.3 Grond en geboue is vyf jaar gelede vir R1 200 000 aangekoop. Aangesien eiendomspryse sedertdien met 20% toegeneem het, het Vennoot Piet voorgestel dat die waarde van hierdie bate teen 'n hoër bedrag aangeteken moet word sodat 'n wins van R500 000 op die Inkomstestaats getoon kan word. Vennoot Naomi stem nie saam nie. (2)
- Verskaf EEN punt waarom jy met Vennoot Naomi sou saamstem.

INLIGTING:**A. VASTE BATES:**

| | GROND EN GEBOU | VOERTUIE |
|-------------------------------|---------------------------|-----------------|
| Drawaarde (01/03/2018) | | 126 000 |
| Koste | 4 000 000 | 576 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | (450 000) |
| Bewegings: | | |
| Toevoegings | 570 000 | (ii) |
| Verkope | 0 | (iii) |
| Waardevermindering | | (iv) |
| Drawaarde (28/02/2019) | (i) | |
| Koste | | 564 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | |

- B.** Waardevermindering op voertuie word teen 10% p.j. op koste bereken.
- C.** 'n Nuwe voertuig is op 1 Desember 2018 aangekoop.
- D.** Uittreksel uit die Vastebateregister met betrekking tot 'n voertuig wat verkoop is:

| Ford Fiesta | | | |
|---|--------------|---------------------------------|------------------|
| Datum aangekoop: 1 Maart 2016 | | | |
| Datum verkoop: 30 September 2018 | | Verkoopprijs: R81 348 | |
| Waardeverminderingkoers: 10% p.j. op koste (vastepaaiement-metode) | | | |
| | KOSTE | WAARDE- VERMINDERING | DRAWAARDE |
| 28 Februarie 2017 | R132 000 | R13 200 | R118 800 |
| 28 Februarie 2018 | | ? | ? |
| 30 September 2018 | | ? | ? |

VRAAG 2: INKOMSTESTAAT EN BALANSSTAATNOTA (50 punte; 45 minute)**MASALA HANDELAARS**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot die jaar geëindig 30 Junie 2019.

GEVRA:

- 2.1 Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 30 Junie 2019 op. (40)
- 2.2 Stel die Handels-en-ander-betalbarebedrae-nota op. (10)

INLIGTING:**Uittreksel uit Na-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2019**

| Balansstaatrekening-afdeling | Debiet | Krediet |
|-------------------------------------|---------------|----------------|
| Lening van Kim Bank | | 751 200 |
| Debiteurekontrole | 185 000 | |
| Krediteurekontrole | | 126 075 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 10 725 |
| Handelsvoorraad | 564 000 | |
| SAID: LBS | | 15 000 |
| Pensioenfonds | | 23 500 |
| Nominalerekening-afdeling | | |
| Verkope | | 9 600 000 |
| Koste van verkope | 6 400 000 | |
| Debiteure-afslag | 168 000 | |
| Diverse uitgawes | 386 100 | |
| Bankkoste | 62 850 | |
| Kommissie-inkomste | | 96 200 |
| Verpakkingsmateriaal | 23 100 | |
| Oninbare skulde | 26 400 | |
| Herstelwerk en instandhouding | 161 200 | |
| Salarisse en lone | 985 000 | |
| Pensioenfondsbydraes | 108 350 | |
| Rente-inkomste | | 4 000 |
| Advertensies | 56 800 | |
| Huurinkomste | | 131 580 |

Aansuiwerings en addisionele inligting:

- A.** Maak voorsiening vir R417 300 waardevermindering vir die finansiële jaar.
- B.** Op 29 Junie 2019 het F Mazisi, 'n debiteur, handelsware teruggestuur. 'n Kredietnota vir R4 500 is aan haar uitgereik. Die kosprys was R3 000. Geen inskrywings is vir die terugsending van die handelsware gemaak nie. Hierdie items is in die voorraad teruggeplaas.
- C.** Die insolvente boedel van 'n debiteur, N Johnson, het 45 sent in die rand uitbetaal en het op 30 Junie 2019 'n direkte deposito van R3 015 gemaak. Hierdie transaksie is nie aangeteken nie.
- D.** Die voorsiening vir oninbare skulde moet na R10 000 verminder word.
- E.** Die voorraadopname op 30 Junie 2019 het onthul:
- Handelsvoorraad R553 650
 - Verpakkingsmateriaal R3 600
- F.** Die advertensie-uitgawe is 'n vaste maandelikse kontak met die plaaslike koerant vir die 12 maande geëindig 30 Junie 2019. Die maandelikse koste het op 1 Maart 2019 met 12% toegeneem. Die premie vir Junie 2019 was steeds uitstaande.
- G.** Die leningstaat wat van Kim Bank ontvang is, het die volgende getoon:

| | |
|---|----------|
| Balans op 1 Julie 2018 | R902 400 |
| Terugbetalings gedurende die jaar (rente ingesluit) | R151 200 |
| Rente gekapitaliseer | ? |
| Saldo op 30 Junie 2019 | R810 000 |

- H.** 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal uitgelaat. Sy besonderhede is:

| BRUTO SALARIS | AFTREKKINGS | | PENSIOEN-FONDSBYDRAE | NETTO SALARIS |
|---------------|-------------|----------------|----------------------|---------------|
| | LBS | PENSIOEN-FONDS | | |
| R27 800 | ? | ? | R7 575 | R18 225 |

Die werkgewer dra R1,50 by vir elke R1 wat ten opsigte van sy pensioenfonds van die werknemer se salaris afgetrek word.

- I.** Die maandelikse huur het gedurende die finansiële jaar onveranderd gebly. Gedurende Mei 2019 het die huurder R9 000 vir herstelwerk aan die perseel betaal. Aangesien Masala Handelaars vir alle herstelwerk verantwoordelik is, het die huurder dit van die huur wat hy vir Mei 2019 betaal het, afgetrek. Let daarop dat die huur vir Junie 2019 nog nie ontvang is nie.

VRAAG 3: VENNOOTSKAPPE**(40 punte; 30 minute)****KGALAGADI HANDELAARS**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die vennote is V Vilander en L Louw.

GEVRA:**3.1 Verwys na Inligting B.**

Bereken die persentasie rente op kapitaal volgens die vennootskap-ooreenkoms. Let daarop dat daar gedurende die finansiële jaar geen koste vir die kapitaalrekening was nie. (3)

3.2 Voltooi die Lopenderekoning-nota vir die finansiële jaar geëindig. (13)

3.3 Voltooi die Balansstaat op 28 Februarie 2019. Toon jou bewerkings. (24)

INLIGTING:**A.**

| Uittreksel uit die rekeningkundige rekords op 28 Februarie 2019: | | R |
|---|-----------|----------|
| Kapitaal: Vilander | | 660 000 |
| Kapitaal: Louw | | 440 000 |
| Lopende rekening: Vilander (1 Maart 2018) | (krediet) | 65 000 |
| Lopende rekening: Louw (1 Maart 2018) | (debiet) | 15 200 |
| Onttrekkings: Vilander | | 33 000 |
| Onttrekkings: Louw | | 259 000 |
| Vaste bates teen drawaarde | | 750 000 |
| Vaste deposito: FNB (12% p.a.) | | 151 200 |
| Handelsvoorraad | | ? |
| Debiteurekontrole | | 58 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 3 900 |
| Lening: Diamond Bank | | 208 800 |
| Krediteurekontrole | | 85 300 |
| Opgelope inkomste | | 9 500 |
| Vooruitbetaalde uitgawes (Sien Inligting (a).) | | ? |
| Kontant en kontantekwivalente | | 6 000 |
| Bank (oortrekking) | | 55 400 |

B. Addisionele inligting:

(a) **Inligting met betrekking tot die vennootskap-ooreenkoms:**

Vennote se salarisse:

- Vilander het R10 000 per maand ontvang. Sy salaris is vanaf 1 Desember 2018 met R2 500 per maand verhoog.
- Louw het R144 000 per jaar ontvang.

Rente op kapitaal:

- Louw sal R35 200 vir die jaar ontvang.
- Vilander ontvang dieselfde % rente as Louw.

Oorblywende wins (na die primêre verdeling):

Die oorblywende wins word in die verhouding van die kapitaalbydrae aan die einde van die jaar verdeel.

Die netto wins na die primêre verdeling was R90 000.

- (b) Die lening van Diamond Bank is oorspronklik op 1 Maart 2017 ontvang. Die lening moet oor 'n periode van 5 jaar in gelyke maandelikse paaielemente terugbetaal word.

Rente word nie gekapitaliseer nie en is op datum.

- (c) Voorsiening vir oninbare skulde moet met R200 verlaag word.
- (d) Versekering sluit 'n jaarlikse premie van R12 000 in wat vir die periode van 1 Oktober 2018 tot 30 September 2019 betaal is.
- (e) Voorraad is 'n balanseersyfer.

VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING**(35 punte; 25 minute)****4.1 FINANSIËLE RESULTATE VIR 2019**

Die inligting het betrekking op Ron-Y Modes met vennote Ronel Henning en Yvonne Twerefoo. Die onderneming het op 1 Maart 2017 oopgemaak en verkoop damesklere en -juweliersware.

Ronel Henning het 'n deeltydse werk laat vaar om hierdie onderneming te bestuur. Sy het R102 000 p.j. in haar vorige werk verdien. Yvonne Twerefoo het besluit om haar bestaande werk te behou, waar sy R109 800 p.j. verdien. Sy het besluit om in die eerste jaar nie by Ron-Y Modes te werk nie (met ander woorde sy is vir die eerste jaar 'n stil vennoot). Sy sal haar situasie op 'n later stadium weer oordink.

GEVRA:

Toon ALLE bewerkings. Waar kommentaar gevra word, verwys na syfers in die state wat verskaf word of verhoudings/persentasies wat deur jou bereken is om jou antwoord te ondersteun.

4.1.1 Die onderneming is op 1 Maart 2017 begin. Die vennote is bekommerd oor die finansiële resultate gedurende die eerste bedryfsjaar.

- Bereken die % opbrengs op die vennote se eienaarsbelang (gebruik gemiddelde eienaarsbelang). (6)
- Lewer kommentaar op hierdie opbrengs. Verskaf EEN punt. (2)

4.1.2 Ronel Henning is bekommerd daarvoor of sy die regte besluit geneem het om uit haar vorige werk te bedank.

- Bereken die totale bedrag wat gedurende die eerste bedryfsjaar van hierdie onderneming deur Ronel Henning verdien is. (5)
- Watter persentasie van die totale netto inkomste het sy verdien en watter persentasie het haar vennoot, Yvonne, verdien? (5)
- Sal die vennote tevrede wees met die bedrae wat hierbo bereken is? Verduidelik kortliks. Haal syfers aan. (4)

INLIGTING:

| A. Syfers wat onttrek is uit die rekords vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018: | | |
|--|---------------------|--------------------|
| | 28 Feb. 2018 | 1 Mrt. 2017 |
| Kapitaal: Ronel Henning | 250 000 | 250 000 |
| Kapitaal: Yvonne Twerefoo | 200 000 | 200 000 |
| Lopende rekening: Ronel | 66 400 (Kt.) | 0 |
| Lopende rekening: Yvonne | 34 400 (Dt.) | 0 |
| Vaste deposito: First Bank (8% p.j. – verval in 2021) | 30 000 | 30 000 |
| Lening van Ronel se pa (15% p.j.) | 180 000 | 180 000 |

B. ALGEMENE GROOTBOEK VAN RON-Y MODES**VERDELING**

| 2018 Feb. | 28 | | | 2018 Feb. | 28 | | |
|-----------|----|--------------------------|---------|-----------|----|-----------------|---------|
| | | Salaris: Ronel | 91 200 | | | Wins en verlies | 152 000 |
| | | Rente op kapitaal | 36 000 | | | | |
| | | Bonus: Ronel | 3 200 | | | | |
| | | Lopende rekening: Ronel | 12 000 | | | | |
| | | Lopende rekening: Yvonne | 9 600 | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | 152 000 | | | | 152 000 |

C. Uittreksels uit die bestaande vennootskapoooreenkoms:

(a) Voorsiening vir salarisse:

- Ronel Henning is geregtig op 'n jaarlikse salaris van R91 200.
- Yvonne Twerefoo (stil vennoot) ontvang geen salarisvoorsiening nie.

(b) Rente op kapitaal is aan beide vennote verskuldig teen 8% p.j.

(c) 'n Spesiale bonus is aan Ronel toegeken vir haar bykomende bestuurspoging.

(d) Oorblywende winste of verliese word in verhouding met die kapitaalsaldo aan die einde van die finansiële jaar gedeel.

LET WEL: Daar was gedurende die jaar geen veranderinge aan kapitaalsaldo's nie.

(e) Elke vennoot word toegelaat om 'n maksimum van R5 000 kontant of klere teen kosprys per maand te onttrek. Elke vennoot het tot die maksimum van hierdie fasiliteit gebruik gemaak.

4.2 FINANSIËLE BESLUIE VIR DIE VOLGENDE JAAR

Ronel Henning wil hê dat Yvonne Twerefoo uit haar bestaande werk moet bedank en as 'n aktiewe vennoot in die onderneming werk sodat die opbrengste wat deur die vennote verdien word, verhoog kan word.

Indien dit die geval is:

- Sal hulle een van die drie winkelassistente uit diens moet stel, dit wil sê hy/sy sal sy/haar werk verloor.
- Hulle sal die rekeningkundige gelde met 80% verminder (omdat Yvonne die meeste rekeningkunde sal kan doen).
- Yvonne sal 'n ekstra R50 000 kapitaal verskaf, wat gebruik gaan word om 'n gedeelte van die lening aan die begin van die finansiële jaar af te betaal. Let daarop dat die lening teen 15% p.j. rente, wat nie gekapitaliseer is nie, van Ronel se pa ontvang is. Daar is ook ooreengekom dat 50% van die lening aan die einde van die tweede besigheidsjaar vereffen moet word.
- Die vennote se voorsiening vir salarisse sal elk na R104 880 p.j. verbeter word.

GEVRA:

Neem aan dat winsgewendheid (en alle inkomstes en uitgawes) in die tweede besigheidsjaar dieselfde bly:

- 4.2.1 Bereken die verandering in netto wins indien Yvonne besluit om voltyds te werk. Toon berekenings. (7)
- 4.2.2 Toon die uitwerking van hierdie verandering op Yvonne se totale verdienste, indien sy uit haar werk bedank. (4)
- 4.2.3 Verduidelik kortliks TWEE ander voordele vir die onderneming indien Yvonne voltyds in die onderneming werk. (2)

ADDISIONELE INLIGTING:

Die volgende is 'n uittreksel uit die Inkomstestaats vir Ron-Y Modes vir 2018:

| Inkomstestaats vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 | |
|---|----------------|
| Bruto wins | 555 000 |
| Bedryfsuitgawes | (375 000) |
| | |
| Salarisse van drie verkoopsassistente | 172 800 |
| Rekeningkunde- en boekhoudersgelde | 22 500 |
| Diverse bedryfsuitgawes | 22 430 |
| Bedryfswins | 180 000 |
| Rente op belegging (8% p.j.) | 2 400 |
| Wins voor rente-uitgawe | 182 400 |
| Rente op lening (15% p.j.) | (27 000) |
| Rente op oortrekking | (3 400) |
| Netto wins vir die jaar | 152 000 |

**GRAAD 11 REKENINGKUNDE:
FORMULEBLAD VIR FINANSIËLE AANWYSERS**

| | | |
|--|--|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates : Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste | |
| (Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope}} \times \frac{365}{1}$ | |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ | |
| Langtermynlenings : Eienaarsbelang | Totale bates : Totale laste | |